



Ons Christelike Lewe en Bediening

VERGADERINGWERKBOEK

Voorgestelde aanbiedings



DIE WAGTORING

Vraag: Dink jy dat hierdie woorde ooit waar sal word?

Teks: Op 21:3, 4

Aanbod: Hierdie *Wagtoring* bespreek hoe God dié belofte sal vervul en wat dit vir jou kan beteken.

DIE WAGTORING (agterblad)

Vraag: Kyk asseblief na hierdie vraag. [Vestig die aandag op die eerste vraag en moontlike antwoorde in die artikel op bladsy 16.] Wat dink jy?

Teks: Ps 83:18

Aanbod: Hierdie artikel bespreek wat die Bybel nog oor God se naam sê.



LEER BYBEL

Vraag: Party mense dink dat God in beheer van die wêreld is. Maar het jy geweet dat die Bybel nie so sê nie?

Teks: 1Jo 5:19

Aanbod: Hierdie boek verduidelik wat die Bybel werklik oor hierdie onderwerp en baie ander onderwerpe leer.

BEREI JOU EIE AANBIEDING VOOR

Vraag:

Teks:

Aanbod:

- Lied 63 en gebed
- Inleidende kommentaar (3 min. of minder)

SKATTE UIT GOD SE WOORD

- **“Dit behaag Jehovah wanneer ons vir ander bid”:** (10 min.)
Job 42:7, 8—Jehovah het verwag dat Job vir Elifas, Bildad en Sofar moet bid (w13 6/15 21 ¶17; w98 5/1 30 ¶3-6)
Job 42:10—Jehovah het Job genees nadat hy vir hulle gebed het (w98 5/1 31 ¶2)
Job 42:10-17—Jehovah het Job ryklik geseën vir sy geloof en volharding (w94 11/15 20 ¶19-20)
- **Soek na geestelike skatte:** (8 min.)
Job 38:4-7—Wie is “die moresterre”, en wat weet ons omtrent hulle? (bh 97 ¶3)

Job 42:3-5—Wat kan ons doen om, net soos Job, God te sien? (w15 10/15 7, 8 ¶16-17)

Wat leer hierdie week se Bybelleesgedeelte my oor Jehovah?

Watter punte uit hierdie week se Bybelleesgedeelte kan ek in die veldbediening gebruik?

• **Bybelleesgedeelte:** (4 min. of minder) Job 41:1-26

LÊ JOU TOE OP DIE VELDBEDIENING

- **Berei hierdie maand se aanbiedings voor:** (15 min.)
Bespreking. Speel die video van elkeen van die voorgestelde aanbiedings en bespreek waarom dit doeltreffend is. Verwys kortliks na “Gebruik JW Library” wanneer jy die gebruik van ’n elektroniese toestel bespreek. Herinner die gehoor daaraan om elke maand te rapporteer hoeveel keer hulle ’n video in die bediening gespeel het. Spoor verkondigers aan om hulle eie aanbieding voor te berei.

DIE CHRISTELIKE LEWENSWYSE

- Lied 60
- **“Gebruik jy JW Library?”:** (15 min.) Gebruik die eerste vyf minute om die artikel te bespreek. Speel dan die video *Begin JW Library gebruik* en bespreek dit kortliks. Doen dan dieselfde met die video’s *Laai publikasies af en organiseer dit* en *Kies jou voorkeure*. Spoor almal aan wat kan om JW Library op hulle elektroniese toestelle te installeer en om publikasies af te laai voordat die deel “Gebruik JW Library” gedurende die week van 16 Mei bespreek word.
- **Gemeentelike Bybelstudie:** (30 min.) ia hfst. 14 ¶14-22, hersiening op bl. 124
- Hersiening gevolg deur ’n oorsig van volgende week se vergadering (3 min.)
- Lied 77 en gebed

Gebruik jy JW Library?

JW Library is ’n gratis app (sagteware-program) wat jou in staat sal stel om die Bybel en ander publikasies, video’s en audio-programme op jou foon, tablet of rekenaar af te laai.



HOE OM DIT TE KRY: Gaan aanlyn, besoek ’n app store en installeer JW Library. Die app is beskikbaar vir verskeie toestelle. Maak dan JW Library oop, en kies die items wat jy op jou toestel wil aflaai. As jy nie by die huis toegang tot die Internet het nie, kan jy dit dalk by die Koninkryksaal, ’n openbare biblioteek of by ’n nabygeleë koffiewinkel doen. As die publikasies reeds op jou toestel afgelaai is, is dit nie nodig om aanlyn te gaan om dit oop te maak nie. Omdat nuwe items gereeld bygevoeg word op JW Library, moet jy van tyd tot tyd aanlyn gaan en bywerkings installeer wanneer dit beskikbaar is.


WAAROM MOET JY DIT GEBRUIK? JW Library maak dit maklik om persoonlike studie te doen en om gedurende gemeentelike vergaderinge te volg. Dit is ook nuttig vir die veldbediening, veral wanneer ons informeel getuig.

JOB 38-42 | Dit behaag Jehovah wanneer ons vir ander bid

42:7-10

Jehovah het verwag dat Job vir Elifas, Bildad en Sofar moet bid

- Jehovah het vir Elifas, Bildad en Sofar gesê om na Job te gaan en 'n brandoffer te bring
- Job moes ten behoeve van hulle bid
- Nadat Job vir hulle gebid het, is hy geseën



42:10-17

Jehovah het Job ryklik geseën vir sy geloof en volharding



- Jehovah het Job se beproewing verwyder en hom weer gesond laat word
- Job se vriende en familieledede het hom vertrous oor al sy lyding
- Jehovah het Job weer voorspoedig gemaak en hom alles wat hy verloor het, in dubbele mate gegee
- Job en sy vrou het nog tien kinders gehad
- Job het nog 140 jaar geleef en kon vier geslagte van sy nakomelinge sien

- Lied 99 en gebed
- Inleidende kommentaar (3 min. of minder)

SKATTE UIT GOD SE WOORD

- **“As ons vrede met Jehovah wil geniet, moet ons sy Seun, Jesus, eer”:** (10 min.)

[Speel die video *Inleiding tot Psalms.*]

Ps 2:1-3—Vyandigheid teenoor Jehovah en Jesus is voorspel (w04 7/15 16-17 ¶4-8; it-1-E 507; it-2-E 386 ¶3)

Ps 2:8-12—Slegs diegene wat Jehovah se gesalfde Koning eer, sal die lewe verkry (w04 8/1 5 ¶2-3)

- **Soek na geestelike skatte:** (8 min.)

Ps 2:7—Wat is “die verordening van Jehovah”? (w06 5/15 17 ¶6)

Ps 3:2—Wat beteken *Sela*? (w06 5/15 18 ¶2)

Wat leer hierdie week se Bybelleesgedeelte my oor Jehovah?

Watter punte uit hierdie week se Bybelleesgedeelte kan ek in die veldbediening gebruik?

- **Bybelleesgedeelte:** (4 min. of minder) Ps 8:1-9:10

LÊ JOU TOE OP DIE VELDBEDIENING

- **Eerste besoek:** (2 min. of minder) Voorblad van wp16.3 —Gebruik ’n elektroniese toestel om ’n teks te lees.
- **Herbesoek:** (4 min. of minder) Voorblad van wp16.3 —Laat die huisbewoner beswaar maak omdat jy die *Nuwe Wêreld-vertaling* gebruik, en gebruik dan *JW Library* om die teks vir hom in ’n ander vertaling te wys.
- **Bybelstudie:** (6 min. of minder) bh 12 ¶12-13—Spoor die student aan om *JW Library* op sy elektroniese toestel af te laai.

DIE CHRISTELIKE LEWENSWYSE

- Lied 138
- **Respekteer Jehovah se huis:** (5 min.) Bespreking. Speel die video *Word Jehovah se vriend—Respekteer Jehovah se huis*. (Gaan na BYBELLERINGE > KINDERS.) Nooi dan jong kinders na die verhoog, en vra hulle vrae oor die video.
- **Die goddelike naam in die Hebreeuse Geskrifte:** (10 min.) Toespraak gebaseer op ’n *Studiegids vir God se Woord*, Deel 1.
- **Gemeentelike Bybelstudie:** (30 min.) ia hfst. 15 ¶1-14, venster op bl. 138
- Hersiening gevolg deur ’n oorsig van volgende week se vergadering (3 min.)
- Lied 11 en gebed

PSALM 1-10 | As ons vrede met Jehovah wil geniet, moet ons sy Seun, Jesus, eer

2:1-3

Vyandigheid teenoor Jehovah en Jesus is voorspel

- Dit is voorspel dat die nasies nie Jesus se gesag sou aanvaar nie, maar dat hulle op hulle eie gesag sou aandring
- Hierdie profesie is vervul toe Jesus op die aarde was en het ’n groter vervulling vandag
- Die psalmis sê dat die nasies iets leegs mompel, wat beteken dat hulle voorneme leeg en tot mislukking gedoem is

2:8-12

Slegs diegene wat Jehovah se gesalfde Koning eer, sal die lewe verkry

- Almal wat die Messiaanse Koning teëstaan, sal vernietig word
- Mense kan veiligheid en vrede vind as hulle die Seun, Jesus, eer



- Lied 106 en gebed
- Inleidende kommentaar (3 min. of minder)

SKATTE UIT GOD SE WOORD

- **“Wie sal ’n gas in Jehovah se tent wees?”:** (10 min.)
Ps 15:1, 2—Ons moet die waarheid in ons hart spreek (w03 8/1 13 ¶18; w89 9/15 26 ¶7)
Ps 15:3—Ons moenie met ons tong laster nie (w89 10/15 12 ¶10-11; w89 9/15 27 ¶2-3; it-E-2 779)
Ps 15:4, 5—Ons moet altyd lojaal wees (w06 5/15 19 ¶2; w89 9/15 29-30; it-1-E 1211 ¶3)
- **Soek na geestelike skatte:** (8 min.)
Ps 11:3—Wat beteken hierdie vers? (w06 5/15 18 ¶3; w05 5/15 32 ¶2)

Ps 16:10—Hoe is hierdie profesie in Jesus Christus vervul? (w11 8/15 16 ¶19; w05 5/1 14 ¶9)

Wat leer hierdie week se Bybelleesgedeelte my oor Jehovah?

Watter punte uit hierdie week se Bybelleesgedeelte kan ek in die veldbediening gebruik?

- **Bybelleesgedeelte:** (4 min. of minder) Ps 18:1-19

LÊ JOU TOE OP DIE VELDBEDIENING

- **Eerste besoek:** (2 min. of minder) wp16.3 16—Gebruik ’n elektroniese toestel om ’n teks te lees.
- **Herbesoek:** (4 min. of minder) wp16.3 16—Lees tekste uit *JW Library* sodat die huisbewoner, wat ’n ander taal praat, dit in sy moedertaal kan sien.
- **Bybelstudie:** (6 min. of minder) bh 100-101 ¶10-11—Wys kortliks vir die student hoe hy *JW Library* kan gebruik om navorsing te doen oor ’n vraag wat hy het.

DIE CHRISTELIKE LEWENSWYSE


- Lied 70
- **“Gebruik *JW Library*”**—Deel 1: (15 min.) Bespreking. Speel en bespreek kortliks die video’s *Stel en organiseer boekmerke* en *Gebruik die geskiedenisfunksie*. Bespreek dan die eerste twee onderhodies van die artikel. Nooi die gehoor om te vertel op watter ander maniere hulle *JW Library* vir persoonlike studie en by die gemeentelike vergaderinge gebruik het.
- **Gemeentelike Bybelstudie:** (30 min.) ia hfst. 15 ¶15-26, hersiening op bl. 134
- Hersiening gevolg deur ’n oorsig van volgende week se vergadering (3 min.)
- Lied 43 en gebed

PSALM 11-18 | **Wie sal ’n gas in Jehovah se tent wees?**

’n Gas in Jehovah se tent is iemand wat ’n vriend van God is, iemand wat op hom vertrou en aan hom gehoorsaam is. Psalm 15 beskryf waarna Jehovah in ’n vriend soek.

’N GAS IN JEHOVAH SE TENT MOET . . .

- ▶ onkreukbaar wees
- ▶ die waarheid spreek, selfs in sy hart
- ▶ eer betoon aan knegte van Jehovah
- ▶ sy woord hou, selfs as dit moeilik is
- ▶ behoeftiges help sonder om iets terug te verwag



’N GAS IN JEHOVAH SE TENT MOENIE . . .

- ▶ skinder en laster nie
- ▶ sy metgesel kwaad aandoen nie
- ▶ sy Christenbroers uitbuit nie
- ▶ met diegene assosieer wat Jehovah nie dien of aan hom ongehoorsaam is nie
- ▶ ’n omkoopgeskenk aanvaar nie

- Lied 116 en gebed
- Inleidende kommentaar (3 min. of minder)

SKATTE UIT GOD SE WOORD

- **“Profesieë gee besonderhede oor die Messias”:** (10 min.)
Ps 22:1—Die Messias sou skynbaar deur God verlaat wees (w11 8/15 15 ¶16)
Ps 22:7, 8—Die Messias sou bespot word (w11 8/15 15 ¶13)
Ps 22:18—Die lot sou vir die Messias se klere gewerp word (w11 8/15 15 ¶14)
- **Soek na geestelike skatte:** (8 min.)
Ps 19:14—Watter praktiese les kan ons uit hierdie vers leer? (w06 5/15 19 ¶8)

Ps 23:1, 2—Hoe is Jehovah ’n liefdevolle Herder? (w02 9/15 32 ¶1-2)

Wat leer hierdie week se Bybelleesgedeelte my oor Jehovah?

Watter punte uit hierdie week se Bybelleesgedeelte kan ek in die veldbediening gebruik?
- **Bybelleesgedeelte:** (4 min. of minder) Ps 25:1-22

LÊ JOU TOE OP DIE VELDBEDIENING

- **Eerste besoek:** (2 min. of minder) bh—Gebruik ’n elektroniese toestel om ’n teks te lees.
- **Herbesoek:** (4 min. of minder) bh—Gebruik die soekfunksie op *JW Library* om ’n Bybelvers te vind wat ’n vraag van ’n huisbewoner beantwoord.
- **Bybelstudie:** (6 min. of minder) bh 129-130 ¶11-12 —Wys die student kortliks op ’n elektroniese toestel hoe hy *JW Library* kan gebruik om vir die studie voor te berei.

DIE CHRISTELIKE LEWENSWYSE

- Lied 55
- **“Gebruik *JW Library*”—Deel 2:** (15 min.) Bespreking. Speel en bespreek die video's *Laai Bybels af en organiseer dit* en *Soek in ’n Bybel of publikasie*. Bespreek dan die laaste onderhografie van die artikel. Nooi diegene in die gehoor om te vertel op watter ander maniere hulle *JW Library* in die bediening gebruik het.
- **Gemeentelike Bybelstudie:** (30 min.) ia hfst. 16 ¶1-15
- Hersiening gevolg deur ’n oorsig van volgende week se vergadering (3 min.)
- Lied 139 en gebed

PSALM 19-25 | Profesieë gee besonderhede oor die Messias

TEKS	PROFESIE	VERVULLING
Psalm 22:1	Skynbaar deur God verlaat	Matteus 27:46; Markus 15:34
Psalm 22:7, 8	Hy sou bespot word terwyl hy aan die paal hang	Matteus 27:39-43
Psalm 22:16	Aan die paal genael	Matteus 27:31; Markus 15:25; Johannes 20:25
Psalm 22:18	Die lot sou oor sy klere gewerp word	Matteus 27:35
Psalm 22:22	Neem die leiding om Jehovah se naam bekend te maak	Johannes 17:6



- Lied 23 en gebed
- Inleidende kommentaar (3 min. of minder)

SKATTE UIT GOD SE WOORD

- **“Vertrou op Jehovah vir moed”:** (10 min.)
Ps 27:1-3—As ons nadink oor die feit dat Jehovah ons lig is, sal dit ons moed gee (w12 7/15 22-23 ¶3-6)
Ps 27:4—Waardering vir ware aanbidding versterk ons (w12 7/15 24 ¶7)
Ps 27:10—Jehovah is bereid om sy knegte te ondersteun wanneer ander hulle in die steek laat (w12 7/15 24 ¶9-10)
- **Soek na geestelike skatte:** (8 min.)
Ps 26:6—Hoe gaan ons, soos Dawid, rondom Jehovah se altaar in figuurlike sin? (w06 5/15 19 ¶11)

Ps 32:8—Wat is een voordeel daarvan om insig van Jehovah te ontvang? (w09 6/1 5 ¶3)

Wat leer hierdie week se Bybelleesgedeelte my oor Jehovah?

Watter punte uit hierdie week se Bybelleesgedeelte kan ek in die veldbediening gebruik?
- **Bybelleesgedeelte:** (4 min. of minder) Ps 32:1–33:8

LÊ JOU TOE OP DIE VELDBEDIENING

- **Eerste besoek:** (2 min. of minder) *kt*—Gebruik ’n elektroniese toestel om ’n Bybelteks te lees.
- **Herbesoek:** (4 min. of minder) Demonstreer hoe om ’n Bybelstudie vir iemand op jou tydskrifroete aan te bied deur die video *Wat gebeur tydens ’n Bybelstudie?* op *JW Library* te wys.
- **Bybelstudie:** (6 min. of minder) *jl* les 9—Wys kortliks vir die student hoe hy *JW Library* kan gebruik om vir die vergadering voor te berei.

DIE CHRISTELIKE LEWENSWYSE

- Lied 130
- **Plaaslike behoeftes:** (15 min.) Een moontlikheid is om die lesse te bespreek wat ons geleer het uit die *Jaarboek* (yb16 112-113; 135-136).
- **Gemeentelike Bybelstudie:** (30 min.) *ia* hfst. 16 ¶16-29, venster op bl. 142, hersiening op bl. 144
- Hersiening gevolg deur ’n oorsig van volgende week se vergadering (3 min.)
- Lied 16 en gebed

PSALM 26-33 | Vertrou op Jehovah vir moed

27:1-3

Dawid het moed geskep toe hy nagedink het oor Jehovah se reddingsdade

- Jehovah het die jong Dawid van ’n leeu gered
- Jehovah het Dawid gehelp toe hy ’n beer doodgemaak het om die kudde te beskerm
- Jehovah het Dawid gehelp toe hy Goliat doodgemaak het

27:4, 7, 11

Wat kan ons help om so moedig soos Dawid te wees?

- Gebed
- Die predikingswerk
- Vergaderingbywoning
- Persoonlike studie en gesinsaanbidding
- Om ander aan te moedig
- Om te dink aan hoe Jehovah ons in die verlede gehelp het



Gebruik *JW Library*

VIR STUDIE:



- Lees die Bybel en die dagteks
- Lees die *Jaarboek*, die tydskrifte en ander publikasies. Gebruik die boekmerkfunksie



- Berei vir die gemeentelike vergadering voor en merk die antwoorde
- Kyk na video's



BY DIE VERGADERINGE:



- Slaan tekste na waarna die spreker verwys. Gebruik die geskiedenisfunksie om 'n teks weer te vind
- In plaas daarvan om die gedrukte publikasies vergadering toe te neem, kan jy jou toestel gebruik om die dele op die program te volg en om die liedere te sing. *JW Library* het die nuwe liedere wat nog nie in die gedrukte liedereboek is nie



IN DIE BEDIENING:



- Wys 'n belangstellende iets op *JW Library* en help hom dan om die *app* op sy toestel te installeer en publikasies af te laai



- Gebruik die soekfunksie om 'n Bybelvers te vind. Jy kan 'n sleutelwoord of frase intik om 'n teks te vind
- Wys 'n video. As die huisbewoner kinders het, kan jy een van die video's in die reeks *Word Jehovah se vriend* speel. Of speel die video *Waarom moet jy die Bybel studeer?* om belangstelling in 'n Bybelstudie te wek. As iemand 'n ander taal praat, kan jy vir hom 'n video in sy taal wys



- Wys vir iemand 'n teks in 'n ander taal in 'n Bybel wat jy reeds op jou toestel afgelaai het. Gaan na die teks, tik op die versnommer en kies dan die opsie vir ander vertalings

